



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LANDBOUWETENSKAPPE V2

NOVEMBER 2023

NASIENRIGLYNE

TOTAAL 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B ✓✓		
	1.1.2	B ✓✓		
	1.1.3	C ✓✓		
	1.1.4	B ✓✓		
	1.1.5	A ✓✓		
	1.1.6	C ✓✓		
	1.1.7	D ✓✓		
	1.1.8	C ✓✓		
	1.1.9	A ✓✓		
	1.1.10	D ✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	F ✓✓		
	1.2.2	A ✓✓		
	1.2.3	C ✓✓		
	1.2.4	J ✓✓		
	1.2.5	D ✓✓	(5 x 2)	(10)
1.3	1.3.1	Marknavorsing ✓✓		
	1.3.2	Balansstaat ✓✓		
	1.3.3	Meiose ✓✓		
	1.3.4	Kunsmatige seleksie/massa/stamboom/familie/nageslag ✓✓		
	1.3.5	Genetiese modifikasie/manipulasie/ingenieurswese/GM ✓✓	(5 x 2)	(10)
1.4	1.4.1	Makelaar/agent/tussenganger ✓		
	1.4.2	Vaste ✓		
	1.4.3	Bakterieë as draers/Agrobacterium tumefaciens ✓		
	1.4.4	Oorerflikheid ✓		
	1.4.5	Kodominansie ✓	(5 x 1)	(5)
TOTAAL AFDELING A:				45

AFDELING B**VRAAG 2: LANDBOUBESTUUR EN BEMARKING****2.1 Die verskillende landboubemarkingstelsels****2.1.1 Identifikasie van die landboubemarkingstelsels**

- A** Koöperatiewe bemarking ✓ (1)
- B** Vrye bemarking ✓ (1)
- C** Beheerde bemarking ✓ (1)

2.1.2 TWEE beginsels van 'n koöperatiewe bemarkingstelsel

- Vrywillige en oop lidmaatskap ✓
- Demokratiese beheer deur lede ✓
- Gelyke ekonomiese deelname en bydra van lede ✓
- Outonoom en onafhanklik ✓
- Voorsien opvoeding, opleiding en informasie aan lede ✓
- Besorg/volhoubare ontwikkeling aan gemeenskappe ✓
- Elke lid het 'n enkele stem/alle lede is aandeelhouders ✓
- Bemarking is gebaseer op 'n poelstelsel ✓
- Samewerking tussen koöperasies ✓
- Slegs lede mag produkte lewer en voordeel trek ✓
- Lede word op 'n kommissie basis betaal ✓
- Lede ontvang 'n klein hoeveelheid rente op hul aandeelkapitaal ✓
- Na likwidasie word surplus fondse tussen aandeelhouders verdeel ✓
- Produkte van lede word gestandaardiseer ✓ (Enige 2) (2)

2.1.3 EEN nadeel van 'n vryemarkstelsel

- Te veel kompetisie ✓
- Produsente span saam (vorm kartelle) wat pryse vasstel ✓
- Groter fluktuasie in pryse ✓
- Bemarkingskoste is baie hoog ✓
- Produsente is verantwoordelik vir die bemarking van produkte ✓
- Beperkte bedingingsmag ✓
- Hoë risiko betrokke/finansiële verliese ✓
- Boere het nie altyd die nodige vaardighede nie ✓
- Uitbuiting van verbruikers ✓ (Enige 1) (1)

- 2.1.4 **EEN voordeel van 'n koöperatiewe bemarkingstelsel vir lede**
- Betrokkenheid van meer produsente verhoog die potensiaal vir groei ✓
 - Toegang tot professionele kundigheid ✓
 - Beter bedingingsmag as individuele boere ✓
 - Ekonomie van skaal deur middel van die poelstelsel ✓
 - Toegang tot beter infrastruktuur ✓
 - Uitskakeling van tussengangers ✓
 - Met grootskaal aankope van insette word beter pryse beding ✓
 - Regeringsprogramme stel befondsing aan koöperasie beskikbaar ✓
 - Handelsmerke maak produkte meer sigbaar aan kopers ✓
 - Risiko word deur lede gedeel ✓
 - Voorsien krediet aan lede ✓
 - Voldoen aan die mark vereistes vir deurlopende voorsiening ✓
 - Potensiaal vir die groei van lede ✓
 - Vergemaklik bestuur ✓
 - Dividende word betaal/produsente ontvang 'n meer stabiele prys ✓
 - Koöperasie voorsien dienste goedkoper aan hul lede ✓
 - Produsent word nie belas met bemarking en kan meer tyd aan hul boerdery aktiwiteite spandeer ✓
- (Enige 1) (1)
- 2.2 **Die prys en hoeveelhede in 'n mark**
- 2.2.1 **Identifikasie van die krommes**
- A** Vraag ✓ (1)
- B** Aanbod ✓ (1)
- 2.2.2 **Die ekonomiese term vir punt C**
- Markekwiëlibrium/gelykbreekpunt/ewewigspunt ✓ (1)
- 2.2.3 **Identifikasie van die tabel**
- D** Surplus ✓ (1)
- E** Tekort ✓ (1)
- 2.2.4 **Verduideliking van die verwantskap tussen prys, vraag en aanbod**
- Hoe hoër die prys ✓ hoe hoër die aanbod ✓ hoe laer die vraag ✓
- OF**
- Hoe laer die prys ✓ hoe laer die aanbod ✓ hoe hoër die vraag ✓
- (Enige 1) (3)

2.3 Wetgewing en die regulatoriese raamwerk wat bemarking ondersteun

2.3.1 TWEE rolle van wetgewing in die bemarking van landbouprodukte

- Bevorder 'n regverdige, aanvaarbare en volhoubare plek vir bemarking ✓
- Voorkom onregverdige bemarking en besigheidspraktyke ✓
- Verseker dat produkinligting in eenvoudig taal weergegee word ✓
- Versterk die lewensvatbaarheid van die landbousektor/verhoog marktoegang aan deelnemers ✓
- Wettig die daarstel van regulasies vir die bemarking van landbouprodukte ✓
- Beheer die verkoop en uitvoer van sekere landbouprodukte ✓
- Verseker dat produkte aan vooraf bepaalde standaarde in terme van die produk self en verpakking voldoen ✓
- Stel en onderhou nasionale standaarde by prosesserings aanlegte ✓
- Bevorder die veiligheid van landbouprodukte ✓
- Reguleer markagente en verbeter hul funksionering ✓ (Enige 2) (2)

2.3.2 TWEE faktore wat die bemarkingsketting nadelig kan belemmer

- Bederfbaarheid ✓
- Seisoenale fluktuasie ✓
- Gebrek aan kontrole tydens produksie ✓
- Produksie-areas is wyd verspreid/hoë vervoerkostes ✓
- Lywig in vergelyking tot die waarde/lae waarde in vergelyking tot volume ✓
- Tussengangers/agente ✓
- Swak/onvoldoende infrastruktuur ✓
- Risiko's/ongelukke/diefstal/stakings ✓
- Gebrek aan kapitaal ✓
- Standaardisering/variasie in die kwaliteit van produkte ✓ (Enige 2) (2)

2.4 Die funksie van landboubemarking

2.4.1 Identifikasie van die funksie van landboubemarking

Prosessering/waardetoevoeging ✓ (1)

2.4.2 TWEE voordele van prosessering

- Vermyn ooraanbod/bederf/verminder vermorsing van oorskot produkte ✓
- Verbeter voedselveiligheid ✓
- Verlengde rakleefyd ✓
- Verseker werksgeleenthede ✓
- Verseker voedselsekerheid/produkte reg deur die jaar beskikbaar ✓
- Verseker maklike/gerieflike verpakking/hantering ✓
- Voeg waarde tot produkte toe ✓
- Produkte kan oor langer afstande vervoer word ✓
- Verhoog die aanvraag na die produk ✓
- Verhoog die winsgewendheid/inkomste ✓ (Enige 2) (2)

2.4.3 TWEE ander hoof funksies van landboubemarking

- Vervoer ✓
- Stoor/berging ✓
- Verpakking ✓ (Enige 2) (2)

2.5 Entrepreneurskap**2.5.1 Onderskei tussen**

Entrepreneur: Persoon wat die inisiatief neem deur die voordeel van 'n besigheidsgeleentheid raak te sien ✓ (1)

Entrepreneurskap: Proses van die ontdekking, evaluering en benutting van 'n nuwe besigheidsgeleentheid ✓ (1)

2.5.2 Identifikasie van die sukses faktore

(a) Leierskap ✓ (1)

(b) Stiptelikheid ✓ (1)

2.6 Komponente van die SWOT-ontleding

2.6.1 Bedreigings ✓ (1)

2.6.2 Swakpunte ✓ (1)

2.6.3 Sterkpunte ✓ (1)

2.6.4 Geleenthede ✓ (1)


2.7 Besigheidsplan**2.7.1 TWEE komponente wat in 'n besigheidsplan ingesluit moet word**

- Titelblad ✓
- Inhoudsopgawe/indeks ✓
- Uitvoerende besigheidsprofiel/algemene oorsig van die besigheid ✓
- Bemarkingsplan ✓
- Produksieplan/operasionele plan ✓
- Menslike hulpbronneplan ✓
- Finansiële plan ✓
- SWOT-ontleding ✓
- Ondersteunende dokumentasie ✓ (Enige 2) (2)

2.7.2 EEN rede vir die opstel van 'n besigheidsplan

- Bepaal die finansiële behoefte van die onderneming ✓
- Toets die uitvoerbaarheid/ekonomiese lewensvatbaarheid van die onderneming ✓
- Verseker befondsing/lok beleggers of vennote ✓
- Verseker effektiewe besigheidsbestuur ✓
- Herposisionering van die onderneming ✓
- Om probleme voortydig te identifiseer ✓
- Om kennis van bemarkingsgeleenthede/kompitisie te bekom ✓
- Daaglikse operasies in die regte rigting te stuur/voorsien tydskedules ✓
- Om die rolle en verantwoordelikhede van die individue uit te stippel ✓
- Daarstel van die doel en mikpunte ✓
- Voorsien riglyne vir besluitneming ✓ (Enige 1) (1)

[35]

VRAAG 3: PRODUKSIEFAKTORE**3.1 Grond as produksiefaktor****3.1.1 Lyngrafiek****KRITERIA/RUBRIEK/NASIENRIGLYNE**

- Korrekte opskrif ✓
- X-as: Korrek gekalibreer met byskrif (Kunsmis) ✓
- Y-as: Korrek gekalibreer met byskrif (Mielieproduksie) ✓
- Korrekte eenhede (Sakke en kg) ✓
- Lyngrafiek ✓
- Akkuraatheid (80% + korrek geplot) ✓ (6)

3.1.2 Ekonomiese eienskappe van grond

Grond is onderhewig aan die Wet van dalende-meeropbrengs ✓ (1)

3.1.3 Afleiding van die funksie van grond

- Grond voorsien voedsel ✓
- Grond voorsien oppervlakte/spasie/ruimte ✓ (Enige 1) (1)

3.1.4 TWEE metodes om die produktiwiteit te verhoog (naas kunsmis)

- Gebruik van wetenskaplike metodes/tegnologie/presisieboerdery ✓
- Verbeter waterbestuur ✓
- Verander bewerkingspraktyke/tussenbewerking ✓
- Boer meer effektief/konsolideer onekonomiese grond eenhede ✓
- Herstel van grondpotensiaal/vermy erosie ✓ (Enige 2) (2)

3.2 Arbeid**3.2.1 Take deur arbeiders verrig**

- (a) **Voeding van stoetramme** - Permanent ✓ (1)
- (b) **Skeer van skape** - Seisoens ✓ (1)
- (c) **Installering van waterbakke** - Los ✓ (1)

3.2.2 TWEE maniere om die lewensomstandighede van plaaswerkers te verbeter

- Beter behuising wat veilig is/sanitasie ✓
- Voorsiening van water/voedsel/elektrisiteit ✓
- Ontspanningsgeriewe om te ontspan en te sosialiseer ✓ (Enige 2) (2)

3.3 Arbeidskontrakte en wetgewing**3.3.1 Letters geassosieer met toestande deur wetgewing aangespreek**

- (a) **Wet op Arbeidsverhoudinge** - B ✓ (1)
- (b) **Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid** - C ✓ (1)
- (c) **Wet op Basiese Diensvoorwaardes** - A ✓ (1)

3.3.2 Naam van die dokument

Werks-/dienskontrak ✓ (1)

3.4 Kapitaal**3.4.1 Identifikasie van die tipe kapitaal**

- A** Beweeglike ✓ (1)
- B** Vaste ✓ (1)
- C** Werks/flottende/produksie ✓ (1)

3.4.2 TWEE metode om kapitaal te genereer

- Besparings ✓
- Produksie ✓
- Krediet/lening ✓
- Erfloating ✓
- Toelae/skenkings ✓ (Enige 2) (2)

3.5 Finansiële rekords op 'n plaas**3.5.1 Identifikasie van die finansiële rekord**

Kontantvloeistaat ✓ (1)

3.5.2 EEN rede

Aangesien dit die volgende toon

- Alle inkomstes en uitgawes vir 'n spesifieke periode ✓
- Inkomste/kwitansies ✓
- Uitgawes/betalings ✓
- Openings-/eindbalanse vir elke maand ✓
- Wins/verlies vir elke maand ✓
- Slegs kontant items ✓ (Enige 1) (1)

3.5.3 Berekening van wins/verlies vir Desember verteenwoordig by A

- Wins/verlies = Totale inkomste – Totale uitgawes ✓
- = R4 200 – R8 774 ✓
- = –R4 574/R4 574 verlies ✓ (3)

3.5.4 Eindbalans voorgestel by B

- R500+R9 650 ✓
- R10 150 ✓ (2)

3.6 Bestuur**3.6.1 TWEE beginsels van bestuur**

- (a) Implementering ✓ (1)
- (b) Beplanning ✓ (1)

3.6.2 EEN voorbeeld vir elk van die volgende**(a) Interne kragte**

- Beskikbare hulpbronne ✓
- Beskikbare bestuurskapasiteit en bevoegdheede ✓
- Organisasoriese struktuur ✓
- Kultuur van die onderneming ✓
- Finansiële posisie van die boerdery-onderneming ✓
- Bestuurstelsel beskikbaar ✓
- Produkte geproduseer ✓
- Besteding aan navorsing en ontwikkeling ✓
- Die gebruik van verouderde toerusting ✓ (Enige 1) (1)

(b) Eksterne kragte

- Ekonomiese kragte ✓
 - Politieke kragte ✓
 - Etiese kragte ✓
 - Wetlike kragte ✓
 - Sosio-kulturele kragte/demografie van die populasie ✓
 - Vlakke van opvoeding/opleiding in die area ✓
 - Kompetisie ✓
 - Tegnologie ✓
 - Omgewings kragte/natuur ✓ (Enige 1) (1)
- [35]**

VRAAG 4: BASIESE LANDBOUGENETIKA**4.1 Wette van Mendel**

- 4.1.1 'n Term vir **genetiese samestelling** - Genotipe ✓ (1)
- 4.1.2 **Mendel se wet van oorerwing** - Mendel se wet van segregasie ✓ (1)
- 4.1.3 **Mendel se wet van onafhanklike sortering**
Verskillende pare gene verdeel onafhanklik van die lede van die ander pare ✓ waar twee of meer eienskappe by betrokke is ✓ (2)

4.2 Monohibriede kruising

4.2.1

Gamete	r	r
R	Rr	Rr
R	Rr	Rr

NASIENRIGLYNE

- Korrekte gamete vir die manlike ouer ✓ (1)
- Korrekte gamete vir die vroulike ouer ✓ (1)
- Korrekte genotipe van die nageslag ✓ (1)
- Punnett-vierkant met gamete en nageslag ✓ (1)

4.2.2 Persentasie van die rooi varkies

- $\frac{0}{4} \times 100$ ✓
- = 0% ✓ (2)

4.3 Poligeniese oorerwing**4.3.1 Berekening van die hoogte**

- AaBbCcDD plant = 40cm + 4cm + 4cm + 4cm + 4cm + 4cm ✓
- = 60cm ✓ (2)

4.3.2 (a) Genotipe van 'n 68 cm hoë plant

AABBCCDd/AABBCCcDD/AABbCCDD/AaBBCCDD ✓ (1)

(b) Fenotipe van die kortste plant

40 cm ✓ (1)

4.4 Geslagsgekoppelde eienskappe**4.4.1 Indikasie of die eienskap X-gekoppel of Y-gekoppel is**

X-gekoppelde oorerwing ✓ (1)

4.4.2 Terminologie - Geslagsgekoppelde oorerwing ✓

(1)

- 4.5 **Stamboom diagram**
- 4.5.1 **Indikasie van die dominante eienskap** - Langvag ✓ (1)
- 4.5.2 **Genotipe van individu nommer 5** - II ✓ (1)
- 4.5.3 **Fenotipe van individu nommer 9** - Kortvag ✓ (1)
- 4.5.4 **Indikasie of individu 8 homosigoties of heterosigoties is Heterosigoties** ✓ (1)
- 4.5.5 **Die aantal vroulike diere in die stamboom**
Twee/vroulike diere 1 en 9 ✓ (1)
- 4.6 **Variasie**
- 4.6.1 **Definisie van die term variasie**
Die verskille ✓ tussen individue van dieselfde spesie ✓ (2)
- 4.6.2 **TWEE oorsake van variasie**
- Geneties/interne ✓
 - Omgewings/eksterne ✓ (2)
- 4.6.3 **EEN tipe mutageen**
- Biologies ✓
 - Fisies ✓
 - Chemies ✓ (Enige 1) (1)
- 4.7 **Teelstelsels in beeste**
- 4.7.1 **Identifikasie van**
- (a) **Teelstelsel 1** - Kruisteling ✓ (1)
- (b) **Kruis Holstein (bul 1) met Holstein (vers 2)** - Lynteling ✓ (1)
- 4.7.2 **Die teelstelsel wat heterose bevorder**
Kruisteling/teelstelsel 1 ✓ (1)
- 4.7.3 **TWEE nadele van inteling**
- Variasie verminder ✓
 - Ongewenste eienskappe kan in die nageslag vas geteel word ✓
 - Afname in die lewenskragtigheid ✓
 - Diere is minder bestand teen siektes ✓
 - Diere is swakker by die omgewing aangepas ✓
 - Ongewenste gene word meer homosigoties ✓
 - Inteelagteruitgang vind plaas ✓
 - Verhoging in die uitkoms van letale gene/misvormdheid ✓
 - Duur proses ✓ (Enige 2) (2)

4.8 Geneties gemodifiseerde organismes

4.8.1 TWEE gesondheidsvoordele van geneties gemodifiseerde gewasse

- Voedsel het laer plaagdoder residu/gebruik minder plaagdoders ✓
 - Hoë voedingswaarde ✓
 - Voedsel het 'n beter smaak/kleur/tekstuur ✓
 - Produksie van medikasie ✓
- (Enige 2) (2)

4.8.2 TWEE doelwitte van genetiese gemodifikasie van diere

- Om nuwe entstowwe en medikasie vir diere/mense te ontwikkel ✓
 - Ontwikkel dieremodelle om diere/menslike siektes te bestudeer ✓
 - Verbeter die voedings kwaliteite van diereprodukte ✓
 - Verbeter die gesondheidskwaliteite van diereprodukte ✓
 - Verbeter die opbrengste van diereprodukte ✓
 - Om diereproduksie te verminder deur die ontwikkeling van nie-dierlike bestanddele vir belangrike olies en industriële ensieme ✓
 - Verminder die verbruik van diere ✓
 - Teel meer vrugbare diere ✓
 - Produseer industriële/verbruikersprodukte/vesel ✓
 - Verbeterde produksie-eienskappe/groei tempo/melkproduksie ✓
 - Produseer produkte vir geneeskundige gebruik ✓
 - Verbeter die bestandheid teen peste/siektes/ekstreme omgewings kondisies ✓
 - Ontwikkeling/manipulasie van die verlangde eienskappe in 'n organisme ✓
- (Enige 2) (2)
- [35]**

TOTAAL AFDELING B: 105
GROOTTOTAAL: 150